
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 12 JULIE 1944. No. 34.

## O.B. se Stryd Teen Rooi Invloed Onder S.A. Werkers

### „Demokrate" Beklaag Vordering

**Engelse geskrifte is nog steeds gaande oor die geweldige vordering wat die Ossewabrandwag se Arbeidslaer in die stede maak. So skryf die Forum van 17 Junie o.a. as volg: „'n Stryd van lewensbelang vir alle demokrate woed vandag met koorsagtige bedrywigheid in die Suid-Afrikaanse Labour Movement. Die uitslag daarvan sal groot gevolge hê vir die politieke lewe van die land."**

Die blad verwys na die Ossewabrandwag se Arbeidslaer, wat bedoel is om die werker saam te skakel met sy volk sodat hy voortaan nie net 'n vakbond agter hom sal hê nie, maar ook 'n landswye nasionaal-revolusionêre organisasie soos verteenwoordig in die Ossewabrandwag. **„Dit sal belaglik wees om te ontken dat die Arbeidslaer wat deur dr. Hans van Rensburg gelei word, nie aanvanklike suksesse behaal het oor die demokratiese Labour Movement nie," verklaar die blad.** „Deur gebruik te maak van goggas soos kommunisme, Joodse beheer van vakbonde, ‚alle kapitaliste is uitlanders', 'n mengelmoes-proletariaat, en deur gebruik te maak van die afwesigheid van duisende lede van die Labour Movement in die leër, of in verskeie oorlogsfabrieke in die land, **het hy daarin geslaag om die beheer oor afsonderlike takke van sommige vakbonde te verower. Die Bouwerkersunie is een van die hoofdoelwitte van die O.B. se aanslag deur middel van insypeling . . . . In Pretoria is die plaaslike tak van die Bouwerkersunie uit die hande geruk van sy verkose leiers en twee vooraanstaande „trade-unionists" is uitgeskop".**

**VORDERING**

Die artikel verklaar voorts dat die O.B. ook sterk druk uitoefen in die vakbonde van motorvervoer- en motornywerheidswerkers, en dat die Ossewabrandwag hoofsaaklik verantwoordelik was vir die poging om die Klerewerkstersbond te vernietig. „Daar is in die openbaar verklaar dat die Ossewabrandwag fondse insamel vir die voortsetting van die geskil."

„Sterk O.B.-selle is in die Johannesburgse Munisipale Werkersbond gevorm."

**„Pretoria blyk 'n waardevolle werwingsveld vir dr. Van Rensburg te wees, en hy beheer sterk posisies in die Yskor-werkersbonde, in Spoorbond en Padbond, terwyl 'n hewige stryd woed om die beheer van die Muntwerkersbond.** Die bedrywe wat onderhewig sal wees aan die grille van O.B.-beleid — indien dr. Van Rensburg daarin slaag om volle beheer oor bogenoemde vakbonde te verower, sluit in die Yskor-staalwerke, die Munt, die Spoorweë, paddienste, private vervoer en boubedryf en die klerewerkersbedryf."

Hy verklaar dan dat die O.B. se indringing nog nie groot is nie, maar nietemin ernstig. **„'n Bruggehoof is bewerkstellig en versterkings word daagliks na hierdie nuwe front aangebring.** Die O.B. het blykbaar 'n eindelose toestroming van fondse. Ons weet as 'n gepubliseerde feit dat hy meer as £40,000 in twee jaar ingesamel het."

**GEVAAR GROTER**

In sy uitgawe van 1 Julie wy die Forum 'n hoofartikel aan die Ossewabrandwag se bedrywigheid waarin hy verklaar dat die gevaar groter is as wat bogenoemde artikel dit selfs skilder. „Dit is een fase van die mobilisasie van magte deur fascisme vir die staatsgreep wat geplan word vir die tydperk van ontnugtering wat na die oorlog verwag word. Die leiers van die Labour Movement wat bewus is van wat plaasvind, en veg om die geledere van die vakbonde en die party te sluit teen die gevaarlike indringing, verdien al die steun wat progressiewe elemente in Suid-Afrika hulle kan verskaf . . . Dat enige persoon van belang in die samelewing deur die welsprekendheid van dr. Van Rensburg mislei kan word, is bykans ongelooflik na die ervarings in Duitsland. **En tog is daar dinge onder ons aandag gebring wat stof tot ernstige nadenke verskaf."** Aldus die Forum in sy hoofartikel.

**Vir die O.B.-lid moet uit bostaande duidelik blyk dat sy Beweging 'n stryd aangebind het wat tot die oorwinning deurgevoer MOET word. Elkeen kan deel in daardie stryd en oorwinning deur die hoogs nodige fondse op 8 Augustus te verskaf.**

## Uitlanders Organiseer Misdaad

Georganiseerde misdaad het verlede maand ten toppunt in Johannesburg gestyg, na die pers berig. Twee moorde en 'n geweldige lys van inbrake en roofmisdade het Junie die slegste maand ten opsigte van misdaad gemaak. **'n Kenmerk van die misdaad-epidemie is dat dit hoofsaaklik deur gewapende naturelle in gesteelde motors uitgevoer word. Hierdie naturelle, so word verklaar, word deur blankes gehuur, wat die gesteelde goed dan op die swartmark teen woekerwinste verkoop. 'n Tyd gelede al is daar in handelskringe die vermoede uitgespreek dat sekere uitlanders wat die land in die jongste tyd binnegekom het, floreer deur middel van hierdie roofmetodes.**

Julie het met dieselfde hoogtepunt begin. 'n Bende naturelle in 'n gesteelde motor het die eerste nag 'n reeks inbrake op verskeie plekke op die Rand bewerkstellig. Wanneer die polisie verskyn, het hulle eenvoudig van die een plek na die ander gevlug om hul misdade daar voort te sit. Op 2 Julie het 'n bende van vier naturelle teen 80 myl per uur deur die strate gejaag nadat die polisie hulle agterna gesit het. Die motor is teen 'n gebou vasgejaag en twee naturelle is gedood in die botsing. Die dag daarna het gewapende naturelle in 'n gesteelde motor 'n groot bedrag van 'n klerk geroof en daarmee weggejaag.

Die Minister van Justisie het egter verklaar dat misdaad glad nie abnormaal is nie.

**ROMMELVERWERKING:**

● Die binneste van elastoplast-blikkies maak mooi servetringe.

## K.G. Waarsku Saboteurs

**Onderstaande verklaring is deur die Kommandant-generaal uitgereik met die oog op sabotasie van die O.B.-Noodhulpfonds deur kwaadwillige politici:**

**1. Ons teenstanders van verskeie kante het hul uiterste gedoen om die Ossewabrandwag deur leuens en laster te breek. Dit het sowat drie jaar geduur en het misluk.**

**2. In die afgelope paar maande het hulle in hul nyd en wanhoop hulle toegespits op die waaragtig uitstaande Christelikheid van die O.B.-Noodhulpfonds en die administrasie daarvan.**

**3. Synde self onmagtig of onwillig om hul Christelike plig teenoor noodlydende Afrikanermoeders en -kinders na te kom, probeer hulle nou die pligsvervulling van beter Afrikaners deur misnoeë en verdagmakery in die wiele te ry.**

**4. Die O.B.-Noodhulpfonds wat oor die £50,000 in die afgelope twee en 'n half jaar aan Afrikanermoeders en -kinders uitbetaal het, is 'n monument vir die pligsbesef en verantwoordelikheidsgevoel van die Ossewabrandwag. Sy boeke is oop vir inspeksie van elke bydraer en belanghebbende net soos sy deur oop was en is vir Afrikanernood sonder om te vra of die familie O.B.-gesind was of nie.**

**5. As roekelose lasteraars ook hierdie heilige taak wil ondermyn, sal hulle vind dat die verantwoordelike persone waar hulle opgespoor word, heel moontlik 'n hardhandige behandeling sal ontvang wat die O.B. nie langer deur dissipline sal probeer verhoed nie.**

**6. Die versorging van vrouens en kinders is op die spel, en sabotasie deur ondermyning sal nie oogluikend bevorder word nie.**

**(Get.) J. F. J. van RENSBURG,**
**Kommandant-generaal.**

### OPROEP

**„Die vroue van Gebied F het verlede jaar hul plig gedoen en hul plek volgestaan. Die O.B. ken net een keuse: om van krag tot krag voort te gaan. Op u word gereken om vir 1944 'n nuwe hoogtepunt te bereik," lui die oproep van genl. C. Rautenbach, hoofvrou van Gebied F (Noord-Transvaal) in verband met Ossewabrandwag-dag op 8 Augustus.**

**„Gebruik al u vindingrykheid om ons fondse 'n groot stoot vorentoe te gee. Ons weet wat die Volksbeweging se oogmerke is; sorg dat die middels voorhande is om die oogmerke te bevorder en te verwesenlik.**

**„Die kommandant-generaal verklaar dat die O.B. nie meer net veg vir sy blote bestaan nie, maar onderweg is om die mag te verower. Sorg dat 8 Augustus 'n klinkende bewys lewer dat die vroue van Gebied F deel het aan die magsontplooiing."**

### RUSSIESE INVLOED

**Verlede week het 'n groot kongres van die vriende van die Sowjet in Johannesburg plaasgevind. Die Eerste Minister, genl. J. C. Smuts, het 'n boodskap gestuur waarin hy verklaar dat hy die kongres ter bevordering van die vriendskap tussen die Unie en Rusland verwelkom. Hy het verder beklemtoon dat Rusland „'n geweldige invloed" na die oorlog sal uitoefen.**

**Die kongres, wat verteenwoordigend was van 127 liggame in die Unie, is omgeskep in 'n permanente organisasie, met dr. C. F. Steyn, Minister van Justisie, as die Ere-President.**

### O.B.-DAG

Veldkornet H. Liebenberg van Cyferbult (Gebied E) deel mee dat die kommando vanjaar O.B.-dag op 12 Augustus gaan vier ten huise van hoofkomdt. Pieterse op Vlakdrif.



DIE O.B., WOENSDAG, 12 JULIE '44

# Leeg Gewerf

,,Daar is alle rede om aan te neem dat die regering se demobilisasieskema bevredigend is. Waarom moet mense dan nou feitlik omgekoop word om aan te sluit?'' het genl. G. E. Brink onlangs op 'n werwingsvergadering gesê. Hy het sy stem gepaar met die ry ander werwers wat die land tans deurkruis met noodoproepe om 6,000 rekrute vir die sesde divisie in Italië.

Genl. Brink het ongetwyfeld die wortel van die moeilikheid hier aangevoel. Sy verwysing na die demobilisasieplan van de regering openbaar die vrees vir werkloosheid by soldate ná die oorlog, en sy verwysing na die omkoop van rekrute openbaar die afwesigheid van enige ideologiese motief in Suid-Afrika se deelname aan die oorlog.

Dat daar by diensdoende soldate die grootste besorgdheid oor hul toestand ná die oorlog bestaan, is 'n algemeen bekende feit, **en geen blote versekering van regeringskant dat sy demobilisasieplan ,,bevredigend'' is, kan hierdie besorgdheid verwyder nie. Die soldaat het sy vertroue in die demokratiese geharwar verloor, wat nie eens by magte is om met behulp van die strengste noodmaatreëls die land van kosgebrek in 'n tyd van oorvloed te red nie, soos die huidige vleis-, aartappel- en ander tekorte in die afgelope paar jaar oorvloediglik bewys.** Selfs die vurigste ondersteuners van die oorlog het al alle vertroue in die bewind se beheermaatreëls verloor. **As hierdie volmag tydens die noodtoestand van die oorlog nie eens by magte is om die land van chaos te red nie, hoe immers sal dieselfde bewind iets kan doen om die na-oorlogse warboel met sy miljoene werkloses dwarsdeur die wêreld die hoof te bied?**

Feitlik net met omkoping word mense beweeg om nog aan te sluit, so beweer die Generaal. Dit het lankal duidelik geword dat die geledere uitgedun is van diegene wat deur 'n stortvloed van propaganda mislei is om uit ideologiese oorwegings tot die leër toe te tree. Die wat agtergebly het, is hulle wat nog nooit enige geloof gehad het in die mooi klinkende frases dat die oorlog vir vryheid teen agressie gevoer word nie. **Hoe kan hulle wanneer hulle sien hoe diegene wie se ,,vryheid'' by uitstek in gevaar is, juis die mense is wat die verste van die gevegsfront in die grootste weelde lewe?** Hoe kan hulle wanneer hierdie mense vir wie se vryheid duisende soldate geslag word, besig is om daardie soldate se afhanklikes hier uit te buit, wanneer gesinne van soldate hulle op straat bevind omdat hulle nie in terme van tagtig ghienies per maand kan meeding met vreemdelinge wat vir hul ,,vryheid'' na die Unie ,,ontruim'' het nie? Die enigste ander groep wat nie aangesluit het nie is juis diegene wat in uitspatlike weelde floreer en soveel geld as moontlik uit die oorlog probeer maak. Hulle, so sal die werwers uitvind, sal selfs nie eens deur omkoop tot aansluiting beweeg kan word nie.

**Wanneer selfs die Eerste Minister van Engeland skaamteloos erken dat die oorlog nie meer ideologies van aard is nie, en wanneer die Eerste Minister van die Unie openhartig erken dat ,,kameraad'' Rusland, agressor van Finland en die Oosseestate, Europa ná die oorlog sal beheers, en wanneer Italië — waar die demokratiese leërs die pad gebaan het vir 'n kommunistiese skrikbewind—die proef op die som verskaf, kan die huidige bewind iemand nog kwalik neem as hy feitlik omgekoop moet word om aan te sluit?**

## LEMOENE VERNIETIG

Daar is verlede week in die pers berig dat 500 ton lemoene op bevel van die Sitrusraad in Natal vernietig is. As verskoning voer die raad aan dat die lemoene ,,klein vrugte is en nie teen 'n lonende prys in Suid-Afrika bemark kan word nie''. Blykbaar kan dit buite Suid-Afrika lonend bemark word. Maar omdat dit nie lonend in ons land bemark kan word nie, word dit onlonend vernietig!

# Geheime Wapen 'n Teistering

(Weens sy afwesigheid met vakansie word die buitelandse oorsigte vir 'n paar weke nie deur prof. dr. J. A. Wiid geskryf nie.)

Op 21 Junie is in ons buitelandse oorsig na die nuwe Duitse wapen, die sogenaamde gevleuelde bom, verwys en is verklaar dat daar nog eers gewag moet word voor 'n oordeel uitgespreek kan word. Na drie weke van strenge stilswye aan Britse kant met slegs verkleinerende berigte in die pers, het Churchill verlede week die sluier effens gelig in woorde wat, soos hy self verklaar het, baie versigtig gekies is. Ons moet dus aanneem dat die volle omvang van die feite nog nie bekend gemaak is nie. Uit Churchill se verklaring kan egter 'n paar belangrike afleidings gemaak word. Hy verklaar dat daar in drie weke van aanhoudende aanvalle 2,750 gevleuelde bomme, hoofsaaklik in Londen, geval het. Die ongevalle was 2,752 gedood en 8,000 ernstig beseer, altesame dus nagenoeg 11,000 ernstige ongevalle. **As hierdie syfer vergelyk word met die swaar lugaanvalle op Londen in 1940 en 1941, skyn die huidige teistering van die Londense bevolking nie veel ligter te wees nie.** Die maand met die hoogste verliese tydens die blits was September 1940 toe 17,569 ongevalle voorgekom het waarvan 6,954 noodlottig was. Die tweede hoogste was Oktober met 'n totale verlies van 15,029. Die hoogste verliese in 1941 is in April veroorsaak, naamlik 13,031 waarvan 6,131 gedood. Vir 'n volle maand bereken, staan die verliese van die gevleuelde bom op ongeveer 14,000. Dit beteken dus dat daar tydens die blitsaanvalle net twee maande was waarin hoër verliese voorgekom het as wat deur die gevleuelde bomme veroorsaak word. Dit is dan ook verstaanbaar dat die Cape Times se korrespondent beklemtoon dat die verliese hoër is as wat die Britse volk gemeen het.

Churchill het verder toegegee dat die skade wat deur die bomme se ontploffing veroorsaak word, omvangryk is, en dat 'n groot mag werkers besig is met herstelwerk en dat hul geledere aangevul moet word deur baie versterkings uit die provinsies.

Die bomme het blykbaar nie veel regstreekse militêre waarde nie, omdat daarmee nie presies gemik kan word nie. **Nogtans blyk uit Churchill se toespraak dat dit 'n groot kragafleiding vir die Britse lugmag veroorsaak. Al vir byna 'n jaar lank is geweldige bomwerpermagte teen die nuwe wapen ingesit, en daeliks word nog berig van magte wat soveel as duisend bomwerpers tel, wat vir dié doel gebruik word. Afgesien hiervan moet honderde vegvliegtuie elke uur van die dag bo die kanaal rondvlieg om die gevleuelde bomme te lyf te gaan voordat hulle die digbevolkte dele bereik.** Al hierdie magte kon nuttig aan die gevegsfront gebruik gewees het.

Op die oorlogsproduksie moet dit ook 'n aansienlike uitwerking hê. Die aanvalle vind onafgebroke plaas, sodat die werkers in gedurige spanning leef. Churchill erken dan ook dat hierdie aanvalsmetode van ,,afmattende aard'' is. Aangesien die lugdoelgeskut voortdurend in aksie moet bly, vereis dit ook 'n geweldige militêre mag wat vir hierdie doel alleen ingesit moet word. Volgens wat 'n hooggeplaaste Britse offisier onlangs te kenne gegee het, word slegs 10 tot 18 pst. van die bomme afgeskiet, en van Britse kant word beweer dat die bomme op 'n grondslag van massaproduksie vervaardig word — wat aangeneem kan word as ons reken dat die Britte al vir 'n jaar lank probeer om die gevaar te verminder en nog kom daar tussen 100 en 150 per dag oor.

Die belangrikste erkenning van Churchill is egter sy verwysing na die bestaan van 'n vuurpylbom ,,met beter springstowwe, 'n groter trefafstand en hoë spoed'', wat in die toekoms verwag kan word, en waarteen hy geen waarborg kan gee nie, behalwe die poging om die gebied waarvan die wapens afgevuur word, te verower. Berigte uit Londen meld reeds van grootskaalse ontruiming van vroue en kinders. Aan die einde van verlede week het reeds 15,000 kinders die stad verlaat.

# Brief Aan My Demokratiese Vriend

Geagte Volksgenoot,—Laat ons vandag bietjie kyk hoe 'n natuurlike eenheid werk, sodat ons ons volk op dieselfde manier kan organiseer, want as ons volk 'n natuurlike eenheid is, geld dieselfde reëls vir hom as wat vir die boom en ook die menslike liggaam geld. 'n Volk is net soos die menslike liggaam. Daar is die verskillende funksies van die lewe wat deur verskillende groepe mense uitgevoer moet word. Soos die liggaam 'n hand het waarmee hy arbei, het die volk sy lede wat vir die voedsel en klere van die volk moet werk; hulle is die boere en fabrieks-werkers. Die liggaam kan nie sonder hulle klaarkom nie, en hulle ook nie sonder die liggaam nie. Dan is daar die hart van die mens wat lag en ween, wat mooi dinge bedink en dit dan deur middel van die tong openbaar. Dit is die kulturele lewe van die volk. 'n Volk moet ook sy kultuurmense hê, sy skrywers, sy kunstenaars, ens. Daar is ook die geestelike in die mens, sy godsdienstige lewe. Net so moet 'n volk ook sy godsdienstige organisasie hê, sy kerk. Dan is daar die bloed in die liggaam wat die voedsel oor die hele liggaam versprei en toesien dat nie een enkele selletjie gebrek ly nie. Dit is die ekonomiese organisasie van die volk. **Die hele liggaam word egter beheer deur die verstand en senuweestelsel. As die voet nie genoeg ,,voedsel'' kry nie dra die senuwees sy klagte oor aan die verstand in die vorm van pyn. Dit is die liggaam se staatsmasjinerie, sy politiek. 'n Volk moet ook sy politieke organisasie hê, maar net een — nie twee of sewe-en-veertig nie. Nie die hele voet of die hand is deel van die senuweestelsel, d.i. die staatsorganisasie nie, maar hulle is deur sekere skakels verbind. Die toonnael kan by voorbeeld nie wil senuwee speel nie, dis nie sy werk nie. As hy senuwee wil speel, gaan hy 'n mislukking daarvan maak en die hele liggaam gaan daaronder ly.**

Net so in die geval van 'n volk is dit nie elkeen se besigheid om te regeer nie. Net die mense wat daarvoor lus het, d.w.s. wat die aanleg en begeerte daartoe het, is lid van die politieke organisasie van die volk. Die politieke organisasie moet egter sorg dat hy kontak het met elke deel van die volksliggaam om te weet wat die behoeftes en begeertes is. In ons huidige stelsel het die voet net soveel seggenskap in die regering as die kop en die gevolg is dat alles verkeerd loop soos ons dit vandag aanskou.

## GEEN VERTROUE

,,Ek het geen vertroue hoegenaamd dat die algemene publiek sal toesien dat die teruggekeerde soldaat heropgeneem sal word na die oorlog nie,'' het die adjunk-direkteur van Demobilisasie, mnr. H. Welsh, verlede week in 'n toespraak te Johannesburg gesê. ,,Sodra die vrede gesluit is,'' het hy vervolg, ,,sal die oorgrote meerderheid van die bevolking nie meer van oorlog en die teruggekeerde soldaat praat nie.''

Hierdie uitlating van 'n verantwoordelike ampsdraer is ongetwyfeld 'n nugtere gevolgtrekking uit die houding van die geldmakende oorlogshitsers.

**ROMMELVERWERKING:**

'n Leer- of velt-gordel kan as volg gemaak word: Sny 'n stukkie karton in die vorm van 'n masker met 'n taamlike spasie tussen die twee gate en effens smaller in die middel. Sit dit dan op die leer of velt en trek dit af. Sny uit. Dit is dan 'n skakel. Sny net soveel skakels as wat nodig is. Vou die eerste een dubbel sodat die twee gate oormekaar val. Sit die tweede skakel deur die gaatjie van die dubbelgevoude een en vou dit ook dubbel. Hou so aan totdat die hele gordel aanmekaar is. Dit kan voor met 'n gespe vasgemaak word. Van twee kleure gemaak, lyk dit ook baie mooi.

## BOEREJEUG GESTIG OP BETHLEHEM

Op 24 Mei is te Bethlehem 'n Boerejeugeenheid gestig onder Kommandantskap CHC6. Die verrigtinge is geopen met gebed, en nadat waarn. komdte. mev. Wheeler die Boereseuns en -dogters toegespreek het, is die jongspan, 22 in getal, aan veldkte. mev. M. de Kock oorhandig. Twee van die Boeredogters het hulle noodhulp-bydrae saamgebring, nl. Ellie van Zyl (10/-) en Jannie Botha (2/-). Dit het hulle verdien met skoene skoonmaak.

Die verrigtinge is afgesluit met die sing van die Stem.—(Ingestuur.)

## ENGELSE DOGTERTJIES ONDERSTEUN O.B.

'n Pragtige voorbeeld van geloof in 'n saak is gestel deur mnr. Edwards, van Johannesburg. Mnr. Edwards is nie 'n ingeskrewe lid van die O.B. nie, maar hy glo in die saak waarvoor die O.B. stry. Weens omstandighede kon sy twee dogtertjies, Moreen en Jean, nie die baba-tentoonstelling wat deur komdte. J. D. Norgarb op 17 Junie in die stad gereël is, bywoon nie. **Die volgende oggend het hy sy twee dogtertjies na komdte. Norgarb se huis geneem en elkeen het hul bydrae van 2/6 aan haar oorhandig. Die oudste dogtertjie het op Engels gesê: ,,Ek wil ook iets bydra omdat dit 'n goeie saak is.''.**—(Korr.)

BENODIG

Sekretaris-Bestuurder

vir Drukkery en Uitgewers Maatskappy. Vorige ondervinding in drukkery 'n vereiste. Salaris sal gereel word volgens bekwaamheid. Doen onmiddellik aansoek met getuigskrifte aan:

Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad.

LUCERN en AARTAPPELS

STUUR U PRODUKTE AAN

UNIE PRODUKTE AGENTSKAP

Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN

Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10. .. HUGENOOT. K.P.



# Britse Bomme Saai Verwoesting Onder Belgiese Bevolking

## Lojale Kardinaal Kom tot Uitbarsting

**In 'n herderlike brief aan die Britse en Amerikaanse regerings, skryf kardinaal Van Rooy, aartsbiskop van Mechelen — van Britse kant beskou as die leidende gees van die Belgiese weerstandsbeweging teen die Duitsers — dat 'n derde of selfs die helfte van sulke ou stede soos Mechelen en Leuven vernietig is deur Brits-Amerikaanse lugbombarderings. „Behalwe in enkele gevalle is bomme en selfs brandbomme blindelings sonder onderskeid neergewerp," verklaar hy.**

Die Southern Cross, beskryf as die Katolieke nuusblad van Suid-Afrika, bevat hierdie onthulling in sy uitgawe van 21 Junie ll. en beklemtoon dat geeneen van die gewone koerante die oproep van die biskop opgeneem het nie.

Dit lui as volg:

„Vir ongeveer 'n maand nou was België die voorwerp van aanhoudende nag- en dag-aanvalle met die voorgegewe doel om spoorwegstasies en spoorweginstellings te bombardeer. Die metode waarop hierdie aanvalle uitgevoer word, veroorsaak elke keer vars strome bloed en ongelooflike, onherstelbare skade aan dorpe en landelike samelewings. **Duisende van ons volksgenote het reeds 'n aaklige dood onder die puin van hul huise gesterf. Hele distrikte van sommige van die mooiste stede in ons land, soos Brussels, Gent en Charleroi, is tot 'n hoop puin verander. 'n Derde of selfs die helfte van sulke ou stede soos Mechelen en Leuven — ek het hulle self gesien — is verwoes tesame met hul waardevolste monumente. Dood en wanhoop heers oor feitlik die hele land.**

**DIE WAARHEID**

„Aan ons word gesê dat hierdie tragiese toestand die onvermydelike gevolge is van oorlogsoperasies teen die vyand se vervoerstelsel en fabrieke. **Die waarheid soos ons dit met eie oë gesien het, is dat, met enkele uitsonderinge waar 'n klein klompie vliegtuie in daglig hul doelwitte getref het sonder om groot skade aan te rig, ontploffings- en selfs brandbomme blindelings gelos word oor digbevolkte dele wat etlike vierkante myl omspan."**

Hy vra dan: „Is hierdie metode in ooreenstemming met die belangrikheid van die doelwit? Selfs van 'n militêre standpunt besien, hoe kan mens hierdie reusagtige en wanordelike pogings regverdig? Dit is duidelik — en ons is nie bang om dit te sê nie — dat belangrike en moontlike voorsorgmaatreëls verwaarloos word. Hoe kan hierdie optrede voor die menslike rede en gewete geregverdig word? **Ons word aangesê om weg te bly van militêre- en spoorwegplekke. Maar hoe kan mens die gevaarstreek beperk wanneer gesien word dat bomme lewens en huise etlike myle daarvandaan verwoes?**

„In hierdie uur van uiterste foltering doen ek 'n dringende beroep op die rede en gewete van die verantwoordelike leiers. In die naam van België vra ek hulle om die besittings van die burgerlike bevolking te spaar. So nie sal die beskaafde wêreld eendag hierdie verskriklike behandeling van 'n onskuldige en lojale land met weersin aanskou."

Totsover die lojale kardinaal. Wanneer 'n leier van die weerstandbeweging teen die Duitsers sulke taal besig, is dit verstaanbaar waarom die Britse soldate in Frankryk nie met blomme nie, maar met koeëls deur die Franse vroue verwelkom is.

# WIL NOU WEER SELF ANDER HELP

'n Vrygelate geïnterneerde wat tans weer werk gevind het, is so dankbaar vir wat die Ossewabrandwag aan sy gesin gedoen het, dat hy besluit het om 'n maandelikse bedrag vir die Noodhulpfonds af te staan. Sy eerste bydrae gaan £5 wees, verklaar hy. Met hierdie daad openbaar hy die onvernietigbare gees van die Ossewabrandwag: Een vir almal, almal vir elk. Hy rig sy skrywe veral aan ander losgelate geïnterneerdes, en skryf o.a. as volg onder die bynaam „oom G.":

„Verlede maand het ek, na 'n 18 maande verblyf in die kamp op Koffiefontein, en byna 'n halfjaar plaasarres, ook weer die vryheid kon aanvaar. In twee van ons land se stede het ek reeds die vrouens en families van nog huidig geïnterneerde maats gaan besoek, en probeer bemoedig.

In tye van voorspoed en geluk het ek nog steeds „Prys den Heer", kon sing; en wanneer dan meer donker wolke saamgepak het, het ek weer ewe hoopvol kon sê „U wil geskied!" (Hierdie opvatting is m.i. die enigste wat nog onder lyding en smart 'n groot mate van geluk kan besorg!)

Tydens die vreemdelingskap in my Vaderland, en verbrokkeling van my huisgesin, het my eggenote grys geword, **maar danksy die O.B.-Noodhulpfonds dat sy nie gryser geword het nie! Dat my huisgesin soveel as 'n £150 ontvang het, is my eers na my loslating ter ore gekom. Dit is 'n feit wat ek en geen mens ooit kan vergeet nie!**

Ek het gelukkig gou weer werk gevind maar dit sal seker nog etlike maande duur voor ek weer 'n huis het, en die eenheid van my gesin weer herstel is. **Ek het honderde ponde aan loon verloor, maar ek het weer begin en is vol moed.** My eggenote en ek het so pas besluit om vir die res van my lewe maandeliks die Noodhulpfonds deur 'n besondere bydrae te steun. Uit dankbaarheid gaan die eerste bedrag £5 wees. Ons is mos die hoeders van ons broers en susters!"

# Groot Toestroming van Nuwe Lede

## Gebiedsraad van Gebied F Trek Laer

'n Uiters geslaagde sametrekking van die Gebiedsraad van Gebied F. (Noord-Transvaal) het op 17 Junie te Pretoria plaasgevind. Behalwe die Hoofgeneraal en Generaals was ook die Hoofvrou, genle. C. W. Rautenbach met haar hoofkommandantes en assistent-hoofkommandantes teenwoordig, as ook die Wagkolonel, die Arbeidswagter, die Boerejeughoofkommandant, die verteenwoordiger van Die O.B. in die Noorde, genl. B. Grobler, die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, wat ook 'n kort besoek aan die Raad gebring het.

Die Kommandant-generaal het in 'n kort besielende rede die Raad toegespreek. Hy het gewys op die lang uitgerektheid van die stryd en die vervoerkwessie wat vir ons dit steeds moeiliker maak, **maar die feit dat die ledetal in Gebied F alleen met oor 'n duisend nuwe lede aangewas het, is 'n sprekende bewys van die kragtige groei van ons Beweging.**

Vervolgens het hy die ontwikkeling van die O.B. beklemtoon en gewys op die stigting en vinnige vordering van die Arbeidslaer.

Die K.G. het ook beklemtoon dat die O.B. sy stryd om bestaan triomfantelik beëindig het. **Voortaan veg hy om 'n magsposisie. Vandag alreeds is die O.B. die sterkste magsfaktor op die politieke terrein, 'n magsfaktor wat niemand kan negeer.** Die K.G. het gesê dat toenadering met die O.B. kan kom, maar dan moet dit sentraal geskied by die O.B.-leiding self.

Toeligting is verder aan die Raad gelewer deur hoofgenl. G. Cronjé in verband met sosiale volksorg, noodhulp en bystand; Vroue-volksorg deur genle. C. Rautenbach, die Boerejeug-afdeling deur Hoofkomdt. M. Smith, die O.B.-Wag deur kol. W. R. de Villiers, die Arbeidslaer deur die Arbeidswagter, Die O.B .deur genl. B. Grobler, Gebiedsvoorligting deur hoofkomdt. C. W. Rautenbach.

Die Gebiedsleier, genl. H. M. van der Westhuysen, het in sy verslag die offisiere 'n duidelike uiteensetting gegee omtrent die pragtige groei en uitbouing van die O.B. in die afgelope jaar en in besonder gewys op die gesonde toestand in Gebied F betreffende ons finansies, ledetal, oorbetalings ens. Hy het afgesluit met die volgende besielende woorde:

„Ons sluit hierdie paar woorde van toeligting af met die vurige wens dat ons in die stryd wat ons voer, ons hand vas aan die ploeg sal hou dag en nag, mekaar getrou sal bystaan tot die dood toe as dit moet, altyd vervul met geloof in ons roeping as nasie, immer met ons oog gerig op die man wat gekies is om ons voor te gaan na ons nasiebestemming, voortdurend met voorbidding in ons harte dat die Here Sy seën sal skenk as Opperleidsman van die strydende Boerenasie. Dan kan ons sê:

„Moed mense, hou moed,
Die kwaad sal verander in goed,
Die Môrelig kom uit die duister!"

# GENERAAL DE JAGER BESOEK OFFISIERE

Generaal C. L. de Jager, Gebiedsleier van Gebied C (Vrystaat), is tans besig met 'n uitgebreide reisplan deur sy gebied om sodoende na 'n afwesigheid van twee jaar in gevangenskap weer persoonlike kontak met sy offisiere op te doen. Van 3 tot 9 Julie besoek hy die Vryburgse generaalskap en van 12 tot 16 Julie die generaalskap van Kimberley. Daarna tot 14 Julie gaan hy deur die Vrystaat se generaalskappe, waar hy negen-en-twintig plekke sal aandoen.

# O.B.-VROUE LEER OM SPEELGOED TE MAAK

In die O.B.-ruskamer te Bloemfontein het komdte. mev. C. J. Wessels, Bethesda, P.K. Roadside, oor Vrede, aan generaalskappe CI en CII se vroue 'n kursus in blikspeelgoed gegee.

Van die verskillende soorte blikkies word duursame speelgoed, soos eetkamer- en slaapkamerstelle vervaardig. Deurdat komdte. Wessels uiters bekwaam en kunstig is met die vervaardiging van die speelgoed, gee sy haar beste waar sy die kursus vir kommando's leer. Sy gee die kursus alleen aan O.B.-lede en die verkoop daarvan gaan uitsluitlik vir N.H.F.

Omdat die speelgoed van baie hoë en duursame gehalte is, verkoop dit besonder goed en gewoonlik is die aanvraag daarvoor groot en is die voorraad op hande gou uitgeput.—(Ingestuur.)

# PAARL HOU KONSERT

Die O.B.-vroue van die Paarl het 21 Junie 'n puik verskeidenheidskonsert in die stadsaal gehou ten behoewe van die Noodhulpfonds. Die ondersteuning was verrassend goed en na aftrek van alle koste, kon die pragtige bedrag van £60 aan die Noodhulpfonds gestuur word.

Die konsert het bestaan uit 'n volkspele- en sangdemonstrasie, vertoning van Hugenotedrag deur Franschhoek, sangsolo deur mev. Maxie Retief, 'n onregshof, drie simboliese voorstellings van die O.B.-leuse, 'n agterstevoorhuwelik en 'n toneelopvoering. Die konsert het so 'n groot byval gevind dat verskeie persone die organiseerders versoek het om dit te herhaal.—(Ingestuur.)

**ROMMELVERWERKING:**

● Kleur suikersak met 'n mooi groen en maak 'n baadjie vir 'n dogter. Van meelsak kan gemaak word 'n bababaadjie, mooi uitgeborduur, asook seunshempies, kinderjassies, seunslaapapakke, tafeldoek met servette, voorskooie, skinkbordlappe, vadoekies, vrugte- en braaivleisservette.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

U SAL HOU VAN ONS . . .

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

**BETSJOEANALAND ! !**
(VRYBURG)

Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.

PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! !
GELD ! ! !

Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou

BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,
40(a) du Plessis Geboue, Markstraat.
Posbus: 170 — Telg.: „Fairagent."
V R Y B U R G.

**AANDAG ! !**

**EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.**

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

